## AFDELING B.

## HOOFSTUK II.

## ONDERWYSTOESTANDE GEDURENDE DIE BEGINJARE, 1838 - 1881.

### 1. Onderwys in die omgewing van Klerksdorp voor 1860.

Weens die afwesigheid van offisiële stukke sal 'n beskrywing van die onderwystoestande in hierdie geweste gedurende die beginjare baie algemeen van aard wees. Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon is, het Klerksdorp gedurende die vorige eeu geografies deel gevorm van die uitgestrekte Potchefstroomse distrik[1]. Omdat Klerksdorp een van die vroegste aanleggings in Transvaal was, kan met veiligheid aangeneem word dat die onderwystoestande van hierdie gebied ooreengekom het met die algemene onderwystoestande in Transvaal gedurende die vroeë beginjare.

Die gebrekkige onderwystoestande wat daar geheers het, kan egter nie daaraan toegeskryf word dat die ouers onverskillig gestaan het teenoor die opvoeding van hulle kinders nie. Die Voortrekkers was daarop gesteld dat hulle kinders ten minste uit die Bybel moes kon lees en uit die geestelike liederebundel kon sing[2]. Artikel 13 van die tweede Voortrekkergrondwet van 1838 het ook reeds bepaal dat die Raad 'n wakende oog oor die skole moes hou[3]. Verskeie faktore het egter 'n georganiseerde skoolstelsel onmoontlik gemaak, sodat daar gedurende die beginjare geen gereelde onderwys was nie.

Toe die Voortrekkers in 1837 of 1838 hulle intog in hierdie gebied gedoen het, was die wêreld woes en leeg. Die vroegste intrekkers het dus die bewoonbaarmaking van die geweste, d.w.s.

/die ..........

1. E.V.B., 1890 - 1893, art. 602.
   Staatskoerant, 10.10.1924, proklamasie 242.
   Alhoewel die Klerksdorpers gedurende die vroeë negentiger jare van die vorige eeu om 'n aparte distrik gevra het, is dit eers in 1924 as selfstandige distrik, met Klerksdorp as distriksdorp, verklaar.
2. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 124.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 16.

die bou en aanlê van 'n dam en watervore, die aanlê van boorde en landerye en die oprigting van wonings as hulle eerste en belangrikste taak beskou. Weens die tekort aan arbeid was die kinders verplig om aktief aan hierdie werksaamhede deel te neem. Die werklike tyd vir verstandelike ontwikkeling was derhalwe tot 'n minimum beperk.

Daar was ook 'n groot gebrek aan onderwysers in die Transvaal. Die ouers, veral die moeder, moes dus maar self toesien dat hulle kinders die nodigste onderwys kry.

Sover vasgestel kan word, was daar voor 1860 geen skool in die deel van Wes Transvaal wat later die Klerksdorpse distrik geword het nie.

Onderwystoestande gedurende 1860 - 1881.

a. Inleiding.

Die nuwe Onderwyswet wat op 22 Februarie 1866 deur die Volksraad goedgekeur is, het orde gebring aan die onderwysbeheer[1].

Een van die vernaamste bepalings van die nuwe Onderwyswet was die onderrig van Engels naas Hollands in alle goewermentskole. Aan die skoolkommissies is opgedra om jaarliks 'n verslag aan die Algemene Kommissie[2] voor te lê. Verder is bepaal dat twee lede van die plaaslike skoolkommissies minstens een keer per maand die skole moes besoek; 'n openbare eksamen moes jaarliks tussen Kersdag en Nuwejaarsdag gehou word. Duidelike onderskeid is gemaak tussen dorps- en plaasonderwys. Die distriksonderwyser moes aandag skenk aan lees, skryf, rekene, sang en Bybelse geskiedenis; hulle moes vyf uur per dag skoolhou en in die distrik waar hulle skoolhou, woonagtig wees. Soveel kinders moontlik moes in een skooltjie byeengebring word[3].

/Die ......

1. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 147.
2. In Maart 1867 is die Algemene Skoolkommissie weer opgehef en deur die Uitvoerende Raad vervang.
3. Coetzee: a.w., 148.

Die liberale neiging in die onderwys het reeds in 1871 begin kop uitsteek met die nuwe grondwet van Pretorius. Meer vryheid is toegelaat t.o.v. godsdiensonderrig, sodat alle groepe geëerbiedig kon word [1]. Hierdie liberale tendense is verder verskerp deur Wet No. 4 van 1874. Die Burgerswet het bepaal: „Geen Godsdienst-onderwijs wordt in de schooluren gegeven, ...." [2].

Gedurende al daardie jare het die onderwys bepaald op 'n lae peil gestaan. Die Lyle-onderwysverslag van 1878 wys „op die vrugteloosheid van die hoë onderwysuitgawes en op die tekens van gebrek aan ekonomie" gedurende daardie jare [3].

b. Die vroegste onderwyspogings en die stigting van die eerste skole.

(1) Inleiding.

In soverre vasgestel kon word, was daar in dié gebied geen sprake van 'n georganiseerde onderwysstelsel nie.

Alhoewel daar vanaf die sestiger jare 'n aanvang gemaak is met die oprigting van skole, het slegs enkele kinders die voorreg gesmaak om dit by te woon. Onderwysers was uiters moeilik bekombaar, en die mense het soms ure te perd van mekaar gewoon. Sommige van die ouers het rondlopers wat in 'n redelike mate kon lees, skryf en reken, gehuur om die onderwys van hulle kinders waar te neem [4]. Gretig is ook gebruik gemaak van die dienste van drostersoldate, wat self ook omtrent geen onderwys ontvang het nie [5].

Merendeels was die ouers self verantwoordelik vir die onderwys van hulle kinders. Die Bybel was die belangrikste leerboek. 'n Algemene gewoonte was om die Bybel saam veld toe te neem as vee opgepas moes word, om hulle „lesse" te leer [6].

/Hierdie ......

1. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 88.
2. Wet No. 4 van 1874, art. 26.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 42.
4. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 20.
5. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
6. Ibid.

Hierdie gewoonte was tot so laat as die tagtiger jare in gebruik. „Ek het altyd my leerboek met my saam geneem en als ek bedags afsaal en die perde geknie halter het, dan maak ek die vuur aan om vleis te braai, dan eet ek melk en brood. Dan leer ek my les"[1].

(2) Hartebeestfontein.

In 1860 het 'n rondloper-Engelsman, Jan Charlie, 'n paar maande lank diens gedoen as onderwyser op Hartebeestfontein[2].

Mev. (wed.) Miemie Wannenburgh het in 1866 'n paar maande op Hartebeestfontein skoolgehou. Sy is gedurende dieselfde jaar opgevolg deur Klaas van Herwaarden[3].

Die koms van J.G. Bantjies, sr.[4], kan as 'n belangrike gebeurtenis vir die onderwys van Hartebeestfontein beskou word. „Sedert April l.l. (1867) heeft de heer J.G. Bantjies snr. een school te Hartebeestfontein geopend"[5].

Bantjies het gemiddeld 30 tot 40 leerlinge in sy klas gehad. Hulle leeftyd het gewissel van 8 tot 18 jaar, en hulle was volgens bekwaamheid in klasse ingedeel. „Die skool van Bantjies was 'n hartbeeshuisie of 'n rooi baksteenhuisie naby die huidige polisiestasie. Onderwys is in twee sessies gegee, nl. van 8 v.m. tot 12 v.m. (of van 9 v.m. tot 12 v.m.) en weer vanaf 2 n.m. tot 4 n.m. Die Bybel, „Trap der Jeugd" en Vader Hellembroek was die leer- en leesboeke. Psalms en gesange is gesing. Optel- en aftreksomme is op leie gedoen. Die skryfbord het ontbreek"[6].

/Na ..........

1. White: Herinneringe van my tiende jaar (1884) af.
2. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 20.
3. Ibid.
4. Hy was skrywer tydens die Groot Trek; voorleser; onderwyser, o.a. van presidente Kruger en Pretorius; opsteller van die Retief-Dingaan-traktaat; later klerk van die Volksraad in Natal, in 1864 Posmeester-Generaal van die Z.A.R., later landdrosklerk en van April 1867 tot 1869 onderwyser op Hartebeestfontein.
5. Badenhorst: t.a.p.
6. Ibid., 21.

Na Bantjies het Jan Mabille op Hartebeestfontein skoolgehou. Hy was 'n „geleerde" man en was behalwe onderwyser ook 'n kerklike leier en 'n spekulant [1].

Hartebeestfontein het in 1871 weer eens 'n bekwame onderwyser gekry in die persoon van Thomas de Wet. Behalwe onderwyser was hy ook 'n kerklike leier wat katkisasielesse as sy belangrikste taak beskou het [2].

Nonnie Bantjies [3] het in ongeveer 1873 die onderwys op Hartebeestfontein waargeneem [4].

In 1877 was 'n jong student, P.W. Ennis [5], op reis na Stellenbosch. As gevolg van 'n oponthoud met die poskoets moes hy 'n maand of twee op Hartebeestfontein oorbly. Hy het gedurende daardie tydjie op Hartebeestfontein skoolgehou. Hartebeestfontein het in dieselfde jaar nog 'n meester gehad in die persoon van Abraham (Awie) van Eeden. Hy was goed onderlê en het die onderwys verskaf aan sowat 30 leerlinge [6].

Dit blyk dat daar tot op hierdie stadium nog nie van 'n gereelde skool gepraat kan word nie. Op 19 Mei 1879 is daar 'n privaatskool opgerig, met Arend Nelson as hoof [7]. Gedurende Junie 1879 was daar 27 leerlinge in die skool ingeskryf en is daar 'n skoolkommissie, bestaande uit 4 lede, gekies [8]. Die „skool" was in 'n voerkamer, en volgens 'n reëling moes dit om die ses maande verwissel tussen Lemoenfontein en Hartebeestfontein [9]. Weens die gebrek aan ruimte moes baie leerlinge wat die skool wou bywoon, teruggestuur word. Vertoë is tot die Superintendent gerig vir die oprigting van 'n doelmatige skoolgebou [10].

/Na ..........

---

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 21.
2. Ibid.
3. Sy was nie verwant aan J.G. Bantjies nie.
4. Badenhorst: t.a.p.
5. Gedurende 1905-1928 was hy Hervormde predikant op Klerksdorp.
6. Badenhorst: a.w., 22.
7. O.D.1/4: Brief, 5.8.1879.
8. O.D.1/4: Brief, 30.6.1879.
9. Badenhorst: a.w., 23.
10. O.D.1/4: Brief, 30.6.1879.

Na die vertrek van Nelson in 1880 het twee winkeliers, Johnnie Ackhurst en Piet Pretorius, om die beurt skoolgehou in 'n winkel[1].

Vroeg in 1880 is daar in die kerkgebou skoolgehou[2]. Gedurende die laaste helfte van 1880 het die skool fluks gevorder onder D.J. Rossouw as onderwyser. Die onderwys was elementêr van aard; dog daar is goeie werk verrig. Daadwerklike pogings is gedurende 1880 aangewend vir die oprigting van 'n skoolgebou[3].

(3) Klerksdorp.

Die presiese stigtingsdatum van die eerste skoolgeboutjie, in die onderste gedeelte van Oudorp, is nie bekend nie. Die kamertjie wat as klaslokaal gebruik is, was van klei gebou en het 'n grasdak gehad. Nicolaas van Herwaarde het vroeg gedurende die sewentiger jare in Klerksdorp onderwys gegee.

Die meubels het onder andere bestaan uit 'n lang plank op houtblokke, wat as sitplek vir die leerlinge gedien het. Die meisies het op die een punt en die seuns op die teenoorgestelde punt van die plank gaan sit. Die onderwyser het skoolgeld, 10/- per leerling per maand, van die ouers ingevorder[4].

In 1876 is die volgende lede gekies tot die skoolkommissie van die Klerksdorpse wykskool: S.G. Eizel, T. Leask, P. Cronje, J. Lombard, P. Bosman en P. Ernst[5].

In 1876 is C.W.E.J. Eekhout as onderwyser aangestel. Daar was toe 20 leerlinge. Die skool wou egter nie vorder nie. Die ouers was ontevrede met die Burgerswet, veral oor die godsdiensbepaling daarvan. In die skool self was daar 'n gebrek aan landkaarte, leesboeke en gesangboeke. „Ronduit moet ik u zeggen

/het .........

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 23.
2. O.D. 1/4: Brief, 10.2.1880.
3. O.D. 1/4: Brief, 19.8.1880.
4. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
5. O.D. 1/1: Brief, 27.4.1876.

het mij niet medegevallen is met de school en verdiensten, de boeren zijn voor het grootste gedeelte tegen op het schoolgeld, het welk zij zeggen te veel is en willen hunne kinderen niet naar school zenden, sommigen willen weder meer godsdienst in de school hebben, kortom er bestaat geene eensgezindheid onder hen"[1].

Die skool op Klerksdorp was in 1877 die enigste gesubsidieerde wykskool onder die Burgerswet in die gebied wat later bekend geword het as die Klerksdorpse distrik[2]. Die ouers moes egter nog hulle volle deel bydra deur die betaling van skoolgeld[3].

In 1879 het C.W. Nelson hoof geword van die skool. Hy was soms verantwoordelik vir die onderwys aan meer as 50 leerlinge. Vanaf September 1879 het die leerlingtal skerp begin afneem, soos dit dan ook duidelik uit die volgende tabel sal blyk[4]:

| Tydperk | SEUNS | | MEISIES | | Totaal | Gemiddelde persentasie skoolbesoek per dag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bo 10 jaar | Onder 10 jaar | Bo 10 jaar | Onder 10 jaar | | |
| Junie 1879 | 16 | 7 | 5 | 17 | 45 | 29.8 |
| Julie 1879 | 22 | 8 | 8 | 19 | 57 | 49.5 |
| Aug. 1879 | 22 | 8 | 5 | 15 | 50 | 42.55 |
| Sept. 1879 | 17 | 5 | 5 | 10 | 37 | 31.57 |
| Okt. 1879 | 4 | 4 | 6 | 6 | 20 | 16.04 |
| Des. 1879 | 7 | 4 | 2 | 3 | 16 | 13.7083 |

Toestande by die skool het steeds vererger. Nelson het vertrek en is in 1880 opgevolg deur Lintott. Toe 'inspekteur' Jooste die skooltjie op 8 Mei 1880 besoek het, was daar slegs 12 leerlinge. Die skool self het in 'n uiters armoedige

/toestand ......

1. O.D. 1/1: Brief, 12.8.1876.
2. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 173.
3. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 23.
4. O.D. 119/1: Skoolverslae 1876-1883.

toestand verkeer, en die ouers was ontevrede met die algemene toedrag van sake[1].

(4) Ander skole.

Gedurende die sewentiger jare moet daar vir 'n kort tydperk skoolgehou gewees het op die plaas Lemoenfontein.

Nadat Abraham van Eeden sowat ses maande lank op Hartebeestfontein skoolgehou het, het hy ongeveer in 1878 met 'n skooltjie begin op die plaas Oortbietjiesfontein[2].

Kritiese beskouing.

Die swak onderwystoestande gedurende die beginjare kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Weens die tekort aan arbeid op die plase moes die seuns met die boerdery behulpsaam wees, terwyl die dogters allerlei huiswerkies moes verrig. Vir werklike verstandelike ontwikkeling was daar nie veel tyd nie, met die gevolg dat dit 'n ondergeskikte plekkie in die daagliks program van werksaamhede moes inneem.

'n Verdere faktor wat remmend op die onderwys ingewerk het, was die omstandigheid dat sommige boere ure te perd van mekaar gewoon het. Waar dit enigsins moontlik was, het groepies ouers saam 'n rondloper- of drostersoldaat wat in 'n redelike mate kon lees, skryf en reken, gehuur om die onderwys van hulle kinders waar te neem. Dit blyk egter dat huisonderwys, veral aan moedersknie, die algemeenste in gebruik was gedurende daardie donker jare.

Die voortdurende spanning en onrus wat daar geheers het, moes hom ook noodwendig op die onderwys laat voel het.

In 'n poging om die onderwys te verbeter het president Burgers Wet No. 4 van 1874 opgestel. Die wet was egter te modern, en die president se godsdiensbepalinge wat daarin vervat is, het seker die meeste teenstand uitgelok. Dit kon dus nie

/byval .......

1. O.D. 1/4: Brief, Mei 1880.
2. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 23.

byval by die bevolking vind nie, want: „In strijd met den uitgedrukten wil van het Volk, dat Christelijk onderwijs op de school begeerde, had hij een onderwijzerspersoneel geëngageerd, dat zijn schoolwet, neutraal onderwijs bedoelde, ten uitvoer leggen moest"[1]. Nadat die wet in 1876 toegepas is, het die Klerksdorpers gedreig om hulle kinders uit die skool te neem, omdat hulle „meer godsdienst in de school" wou hê[2].

Daar was 'n groot gebrek aan opgeleide onderwysers, veral op die platteland. Daar was 'n groot tekort aan geld; die skole het in 'n armoedige toestand verkeer[3], en die meubels en leermiddels was gebrekkig en onvoldoende[4].

Die diensvoorwaardes van onderwysers het veel te wense oorgelaat. Onderwysers kon wel skoolgeld invorder, dog die meeste van die ouers was nie geneë om dit te betaal nie. Die bedrag aan skoolgeld, wat gewissel het van 7/6 tot 10/-[5] per leerling per maand, was volgens die mening van die ouers te hoog[6].

Die onderwys self was elementêr van aard. Onderrig is gegee in rekene, taalkunde, skrif, lees, sing (Psalms en Gesange) en vaderlandse en Bybelse geskiedenis. Die vernaamste lees- en leerboeke was: _Trap der jeugd_, Bybel, Psalm- en Gesangeboek en die „Volksleesboek"[7]. Tot bogenoemde boeke kan daar miskien nog bygevoeg word die A.B.C.-boek; Borstius-vraeboek; _Kleine gedichten voor kinderen_ deur H. van Alphen; _De kinderharp_[8] ens. Daar is wel later gebruik gemaak van sg. "copy books" dog die lei was nog algemeen in gebruik. In die meeste gevalle

/sal ......

---

1. Cachet: De worstelstrijd der Transvalers, 456.
2. O.D. 1/1: Brief, 12.8.1876.
3. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
   Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 21-23.
   O.D. 1/4: Brief, Mei 1880.
4. Guest: t.a.p.
   O.D. 1/1: Brief, 12.8.1876.
   Badenhorst: t.a.p.
5. Guest: t.a.p.
   Badenhorst: a.w., 23.
6. O.D. 1/1: Brief, 12.8.1876.
7. Badenhorst: a.w., 22-24.
8. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 125-126.

sal die skryfbord ontbreek het[1].

Gedurende die sewentiger jare was daar alreeds 'n beskeie begin gemaak met die onderrig van Engels op skole. Daar kan aangeneem word dat daar na 1877 op Hartebeestfontein 'n groot behoefte was om Engels na die skool te bring, met ds. Jooste, wat pro-Engels gesind was, op die voorgrond[2]. Gedurende daardie jare het 'n hele aantal Engelse hulle alreeds in dié deel van Wes-Transvaal gevestig. Op Klerksdorp, waar daar toe reeds lewendig handel gedryf is, was Engels die handelstaal[3]. Met veiligheid kan aangeneem word dat die Engelse veral na die besettingsjare nie hulle anti-Boeregevoelens weggesteek het nie en dat hulle sterk daarop aangedring het dat Engels naas Hollands op die skole onderrig moes word[4].

Opsommend kan dus miskien gesê word dat die periode voor 1881 een van die onproduktiefstes in die onderwysgeskiedenis van Klerksdorp was.

---

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 21.
2. Ibid., 40.
3. Guest: Voortrekkerdorp, 57.
   Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa Aug. 1937, 59.
   History of Klerksdorp; artikel in Die landdros se Distriksrekordboek.
4. Meegedeel deur W.J.H. Badenhorst en H.A.W. Hesse soos dit aan hulle oorvertel is deur verskeie oumense.